Opsomming: Toegangsroetes van Internet- finansiële woordeboeke: Huidige oplossings en toekomstige geleenthede. Leksikograwe wat aan finansiële woordeboeke werk, het nie die vinnige ontwikkeling van die Internet behoorlik benut nie. Dit blyk uit die gebrekkige aanwending van die toegangsroetes wat in huidige Internet- finansiële woordeboeke aangetref word. Gevolglik kan gebruikers nie doeltreffend en doelmatig antwoorde kry op hul leksikografiese probleme nie. Eerstens is daar Internet- finansiële woordeboeke waarin tegnologiese kenmerke ontbreek en wat gewoon karige Internet-woordeboeke genoem kan word. Tweedens is daar Internet- finansiële woordeboeke wat so baie tegnologiese kenmerke aanwend dat gebruikers hoë leksikografiese inligtingskoste oploop. Om beter toegangsroetes te skep, moet 'n deeglike teoretiese grondslag gevestig word. Hierdie artikel toon dat die toepassing van die moderne teorie van leksikografiese funksies wat op die gebruikers fokus, lei tot 'n beter ontwerp vir toekomstige Internet- finansiële woordeboeke. Met die gepaste teoretiese basis, sal leksikograwe in staat wees om woordeboeke te skep wat die jongste tegnologie gebruik om doeltreffende en doelmatige oplossings vir leksikografiese probleme te bied.

Sleutelwoorde: WOORDEBOEK, PAPIERWOORDEBOEK, INTERNETWOORDEBOEK, TSD-WOORDEBOEK, FINANSIËLE WOORDEBOEK, FINANSIËLE TERME, LEKSIKOGRAFIE, LEKSIKOGRAFIESE FUNKSIES, TEKSONTVANGS, GEBRUIKERSBEHOEFTE, GEBRUIKERSITUASIE, TOEGANGSROETES, SOEKKEUSES, LEKSIKOGRAFIESE INLIGTINGSKOSTE

Multimodal Lexicography: The Representation of Meaning
in Electronic Dictionaries

290-306

Robert Lew

Abstract: One finding of user studies is that information on meaning tends to be what dictionary users want most from their dictionaries. This is consistent with the traditional image of the dictionary as a repository of meanings of words, and this is also borne out in definitions of the item *DICTIONARY* itself as given in dictionaries. While this popular view has not changed much, the growing role of electronic dictionaries can change the lexicographers' approach to meaning representation. Traditionally, paper dictionaries have explained words with words, using either a definition or an equivalent, and occasionally a line-drawn picture. However, a prominent feature of the electronic medium is its multimodality, and this offers potential for the description of meaning. While it is much easier to include pictorial content, electronic dictionaries can also hold media objects which paper cannot carry, such as audio, animation or video. Publishers are drawn by the attraction of these new options, but are they always functionally useful for the dictionary users? In this article, the existing evidence is examined, and informed guesses are offered where evidence is not yet available.

Keywords: ELECTRONIC DICTIONARY, MEANING, ILLUSTRATION, ANIMATION, AUDIO, SOUND EFFECTS, VIDEO, MULTIMODALITY, SPECIALIZED LEXICOGRAPHY, LEARNER'S DICTIONARY

Opsomming: Multimodale leksikografie: Die voorstelling van betekenis in elektroniese woordeboeke. Een bevinding van gebruikerstudies is dat inligting oor betekenis dit blyk te wees wat woordeboekgebruikers die meeste van hul woordeboeke verlang. Dit is in ooreenstemming met die tradisionele beeld van die woordeboek as 'n bewaarplek van die betekenis van woorde, en dit word ook bevestig deur die definisies van die item *WOORDEBOEK* self soos aangebied in woordeboeke. Terwyl hierdie populêre siening nie veel verander het nie, kan die toenemende rol van elektroniese woordeboeke leksikografiese benadering tot betekenisvoorstelling verander. Tradisioneel het papierwoordeboeke woorde met woorde verduidelik deur óf 'n definisie, óf 'n ekwivalent te gebruik, en soms 'n lyngetekende illustrasie. 'n Opvallende kenmerk van die elektroniese medium is sy multimodaliteit, en dit bied 'n moontlikheid vir die beskrywing van betekenis. Terwyl dit baie makliker is om illustratiewe inhoud in te sluit, kan elektroniese woordeboeke ook mediaobjekte bevat wat papier nie kan oordra nie, soos oudio, animasie en video. Uitgewers word aangetrek deur hierdie nuwe keuses, maar is hulle altyd funksioneel nuttig vir die woordeboekgebruikers? In hierdie artikel word bestaande getuigenis ondersoek en ingeligte raaiskote aangebied waar getuigenis nog nie beskikbaar is nie.

Sleutelwoorde: ELEKTRONIESE WOORDEBOEK, BETEKENIS, ILLUSTRASIE, ANIMASIE, OUDIO, KLANKEFFEKTE, VIDEO, MULTIMODALITEIT, GESPECIALISEERDE LEKSIKOGRAFIE, AANLEERDERSWOORDEBOEK

The *Tshivenḁa-English Ṱhalusamaipfi / Dictionary* as a Product
of South African Lexicographic Processes

307-325

Mbulungeni Madiba and Dion Nkomo

Abstract: The publication of a dictionary is regarded as the result of a lexicographic process. Three subtypes of a lexicographic process have been noted, namely the primary comprehensive, the secondary comprehensive and the dictionary specific lexicographic processes. In South Africa, the three lexicography processes correspond to the respective mandates of the Pan South African Language Board (PanSALB), the National Lexicography Units (NLUs) and the editorial teams involved in the compilation of the specific dictionaries. This hierarchical arrangement of the lexicographic practice is supported by the government within the country's national multilingual policy which was lauded in linguistic and lexicographic circles as a triumph for cultural democracy. It is almost a decade since these planned lexicographic processes have been in place. It seems the right time to consider the products of these South African lexicographic processes which are envied by many foreign lexicographers, especially in Africa. Accordingly, the article evaluates these lexicographic processes with special reference to the *Tshivenḁa-English Ṱhalusamaipfi / Dictionary*. Specifically, it addresses the question: To what extent does this dictionary represent lexicographic development in the

indigenous South African languages which were marginalised before the establishment of the NLU's? A few insights are drawn from modern lexicographic theories for the general improvement of future lexicographic practice in languages with limited lexicographic tools such as Venda.

Keywords: LEXICOGRAPHIC PROCESS, LEXICOGRAPHIC PLANNING, PANSALB, NATIONAL LEXICOGRAPHY UNITS, LEXICOGRAPHIC PRACTICE, METALEXICOGRAPHY, DICTIONARY, BILINGUAL DICTIONARY, MACROSTRUCTURE, MICROSTRUCTURE

Opsomming: *Die Tshivenda-English Thalusamaipfi / Dictionary as 'n produk van Suid-Afrikaanse leksikografiese prosesse.* Die publikasie van 'n woordeboek word beskou as die resultaat van 'n leksikografiese proses. Drie ondersoorte van 'n leksikografiese proses is onderskei, naamlik die primêr omvattende, die sekondêr omvattende en die woordeboek-spesifieke leksikografiese prosesse. In Suid-Afrika stem die drie leksikografiese prosesse ooreen met die onderskeie mandate van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT), die Nasionale Leksikografie-eenhede (NLE's) en die redaksiespanne betrokke by die samestelling van die bepaalde woordeboeke. Hierdie hiërargiese rangskikking van die leksikografiese praktyk word ondersteun deur die regering binne die land se nasionale veeltalige beleid wat in taalkundige en leksikografiese kringe geloof is as 'n triomf vir kulturele demokrasie. Dit is byna 'n dekade sedert hierdie beplande leksikografiese prosesse in plek is. Dit lyk na die regte tyd om die produkte van hierdie Suid-Afrikaanse leksikografiese prosesse te beskou wat deur baie vreemde leksikograwe, veral in Afrika, beny word. Gevolglik beoordeel die artikel hierdie leksikografiese prosesse met spesiale verwysing na die *Tshivenda-English Thalusamaipfi / Dictionary*. Dit roer veral die vraag aan: Tot watter mate verteenwoordig hierdie woordeboek leksikografiese ontwikkeling in die inheemse Suid-Afrikaanse tale wat gemarginaliseer is voor die totstandkoming van die NLE's? 'n Aantal insigte word verkry van moderne leksikografiese teorieë vir die algemene verbetering van die toekomstige leksikografiese praktyk in tale met beperkte leksikografiese gereedskap, soos Venda.

Sleutelwoorde: LEKSIKOGRAFIESE PROSES, LEKSIKOGRAFIESE BEPLANNING, PANSAT, NASIONALE LEKSIKOGRAFIE-EENHEDE, LEKSIKOGRAFIESE PRAKTYK, METALEKSIKOGRAFIE, WOORDEBOEK, TWEETALIGE WOORDEBOEK, MAKROSTRUKTUUR, MIKROSTRUKTUUR

The Monolingual Lusoga Dictionary Faced with Demands
from a New User Category

326-350

Minah Nabirye and Gilles-Maurice de Schryver

Abstract: In this article, a case is presented of an existing dictionary that is aimed at users with a minimum of primary 7 education, now faced with demands from users in primary 1–3. The reason for this demand is the result of the fact that Lusoga is currently being implemented as a medium of instruction in Uganda, in an environment where there is hardly any literature to serve the intended purpose. A review of the existing literature in and on Lusoga shows that the monolingual Lusoga dictionary — *Eiwanika ly'Olusoga* (WSG) — is the only reference work with essential information, in Lusoga, that can initiate the teaching of Lusoga at the elementary level. Although the information in the WSG may fit the purpose at hand, that information is mainly presented as a summary, with statements of conclusions only. Explanations to ease its access to the new user are thus missing. Findings from a pilot study conducted by the National Curriculum Development Centre on the implementation of the teaching of Lusoga reveal that the new user is not only the primary 1–3 pupil, but also the teacher who will need to instruct that pupil. Since children's literature requires additional consideration beyond what can be presently availed, and since the WSG was actually compiled for an advanced user, the focus is shifted from the primary 1–3 pupil to the primary teacher. For that teacher, it is suggested to compile an additional Guide, expanding on the various extra-matter texts and especially the Language Portrait found in the WSG. This is done on the assumption that once the information is expanded and re-represented, a teacher will be able to combine the information in the Guide with that in the WSG, in order to make a Lusoga syllabus from which to draft Lusoga lessons. Although the ideal would of course be to be able to produce fully-fledged customised primers from scratch, this article's main argument is that in the absence of both human and financial resources to do so, one can reuse and expand on the data found in an existing higher-level dictionary.

Keywords: LANGUAGE POLICY, MOTHER-TONGUE EDUCATION, LUSOGA, UGANDA, PRIMER, SYLLABUS, GUIDE, ELEMENTARY USER, PRIMARY TEACHER, TEACHER TRAINING, ORTHOGRAPHY, GRAMMAR, LINGUISTIC INFORMATION, MONOLINGUAL DICTIONARY, EXTRA-MATTER TEXTS, LANGUAGE PORTRAIT, PICTORIAL ILLUSTRATIONS

Obufunze: *Eiwanika ly'Olusoga lizuseeku omukozesa ataali muluubilile.* Mu lupapula muno mulagibwamu engeli *Eiwanika ly'Olusoga* elyawandiikilwa omukozesa atuuseeku mu kyomusanvu bwe lizuseeku omukozesa okuva mu kibiina kyolubelyebelye okutuuka mu kyokusatu. Kino

kiidhie lwa kuba ensomesa y'olulimi Olusoga eli kuteebwa mu nkola aye ng'ebyetaagisa okutuukiliza omulimu guno bikaali kutuukilizibwa. Okwekeenenia kw'ebiwandiiko ebiliwo ku oba mu Lusoga ebisobola okwemelezaawo ensomesa mu lulimi Olusoga kuzwile nti *Eiwanika* ni lyonka elilina ebyetaagibwa okusimba omusingi gw'ebyendhegelesa mu lulimi Olusoga ebisobola okutuukana n'ebyetaago by'omukozesa aluubibilwa mu kiseela kino. Waile ng'amakobo g'*Eiwanika* gaaliba gatuukana n'ebyetaago by'omukozesa ono, engeli ye gaategekebwa mu *Iwanika* teyanguyila mukozesa ono muyaaka kugeeyunila bukalamu. Okwinhohola kw'amakobo g'*Eiwanika* kwasinga kukolebwa mu musomo amakobo gano mwegaasibuka. Kale kyaba nti amakobo agandi gazila bulungi businziilo mu *Iwanika* busobola kwetengelela kuyamba omukozesa aluubibilwa. Ebyava mu kugezesa ensomesa y'ebyennimi enzaalilanwa mu Uganda okwakolebwa ekitongole kya National Curriculum Development Centre byazuula nti omusomi ti ni yenka ayenda okutendekebwa aye n'omusomesa agya akusomesa yeena ayenda obuyambi. Engeli ebivandiiko by'abaana abato bwe by'ekengelwa einho ate ng'omukozesa omuluubilile ow'*Eiwanika* yali muntu mukulu, eisila lili ku musomesa w'abasomi abo. Okutendeka omusomesa ono mu bimwetaagibwamu ng'asomesa Olusoga, akatabo akandi akalaga engeli y'okusomesaamu amakobo g'*Eiwanika* kaidha kuwandiikibwa okumulaga engeli y'ayinza okukozesa ebili mu nnhandhula ni mu nfaanana y'olulimi mu *Iwanika* okutegeka amasomo g'Olusoga ag'endhawulo. Waile nga kyali gwaine nti ebitabo ebiba eisila ku nsomesa y'Olusoga mu pulaimale n'ebyalisinze kwetaagibwa, olupapula luno lusinziile ku mbeela eliwo buti ey'eibula ly'ensako n'abakugu abanoonheleza ku Lusoga, n'okusalawo okukozesa ekiwandiiko ekiliwo mu kiseela kino okugaziya emigaso gya kyo eli okutembeeta ensomesa y'olulimi Olusoga ng'esinziilwa ku *Iwanika*.

Ebigambo ebikulu: EITEEKA LY'EBYENNIMI, ENDHEGELESA Y'ENNIMI ENZAALILANWA, OLUSOGA, UGANDA, ENTEGEKA Y'AMASOMO, OMUKOZESA WA P1–P3, OMUSOMESA WA PULAIMALE, ENTENDEKA Y'ABASOMESA BA PULAIMALE, WALIFU, GULAAMA, AMAKOBO GA KANALULIMI, EIWANIKA LY'OLULIMI OLULALA, EBIVANDIIKO BY'OMU BIKUGILO, ENFAANANA Y'OLULIMI, EBIFAANANI

The Treatment of Polysemy and Homonymy in Monolingual
General-purpose Dictionaries with Special Reference to
Isichazamazwi SesiNdebele

351-370

Eventhough Ndlovu and Sanelisiwe Sayi

Abstract: This article focuses on the treatment of polysemy and homonymy in general-purpose monolingual dictionaries with special reference to *Isichazamazwi SesiNdebele*. It was found that there are some inconsistencies in the treatment of polysemous and homonymous entries in this dictionary. The article shows that an overreliance on one criterion, particularly etymology, to distinguish polysemy and homonymy is often misleading and unreliable. Polysemy itself has its own inherent complexities, among these being the problem of determining the exact number of meanings of a polysemous lemma. When the meanings of a polysemous lemma are listed, the central or primary meaning, which is not always easily ascertainable, should come first. A holistic approach is proposed to distinguish polysemy and homonymy, which entails the use of the following criteria: etymology, relatedness vs unrelatedness of meaning, componential analysis, the identification of the central or core meaning and the test of ambiguity. Whatever results are obtained from a particular criterion, these findings must be compared with those of other criteria, and verified against native speakers' intuitive knowledge and introspective judgements.

Keywords: POLYSEMY, HOMONYMY, METAPHOR, CONCEPTUAL MEANING, ETYMOLOGY, HOMOPHONES, HOMOGRAPHS, LEMMA, SENSE, INTUITION, INTROSPECTION

Opsomming: Die behandeling van polisemie en homonimie in eentalige algemene woordeboeke met spesiale verwysing na *Isichazamazwi SesiNdebele*. Hierdie artikel fokus op die behandeling van polisemie en homonimie in algemene eentalige woordeboeke met spesiale verwysing na *Isichazamazwi SesiNdebele*. Daar is vasgestel dat daar 'n aantal inkonsekwensies in die behandeling van polisemie en homonimie inskrywings in hierdie woordeboek is. Die artikel toon dat 'n te groot steun op een kriterium, veral etimologie, om polisemie en homonimie te onderskei, dikwels misleidend en onbetroubaar is. Polisemie self het sy eie inherente gekompliseerdhede waarvan sommige die probleem is om die presiese aantal betekenis van 'n polisemie lemma te bepaal. Wanneer die betekenis van 'n polisemie inskrywing gelyk word, behoort die sentrale of primêre betekenis wat nie altyd maklik bepaalbaar is nie, eerste te kom. 'n Holistiese benadering word voorgestel om polisemie en homonimie te onderskei wat die gebruik van die volgende kriteria behels: etimologie, verwantskap teenoor nieverwantskap van betekenis, die identifikasie van die sentrale of kernbetekenis en die toets van dubbelsinnigheid. Watter resultate van 'n bepaalde kriterium ook verkry word, hierdie bevindinge moet vergelyk word met daardie van ander kriteria, en uiteindelik geverifieer word met moedertaalsprekers se intuïtiewe kennis en introspektiewe oordeel.

Sleutelwoorde: POLISEMIE, HOMONIMIE, METAFLOOR, KONSEPTUELE BETEKENIS, ETIMOLOGIE, HOMOFONE, HOMOGRawe, LEMMA, BETEKENIS, INTUÏSIE, INTROSPEKSIE

Affirming a Role for Specialised Dictionaries in Indigenous African Languages

371-389

Dion Nkomo

Abstract: One of the main problems facing speakers and language practitioners of indigenous African languages is the shortage of appropriate dictionaries for a variety of purposes. This lack results in users consulting any available but inappropriate dictionaries. Quite often, users are disappointed because a wrong dictionary does not normally provide the required assistance. Various functions, which the dictionary may serve, are sought in vain from inappropriate dictionaries and other terminological products. Consequently, the potential of lexicography in general and specialised lexicography in particular, remains unrealised owing to a variety of reasons. This article which mainly discusses the specialised dictionary, draws insights from Wiegand's (1984) general theory of lexicography and the theory of lexicographic functions (Bergenholtz and Tarp 1995, 2003; Tarp 2000, 2002, 2008) to affirm the role of specialised dictionaries in indigenous African languages and also to give insights into how such dictionaries may be produced.

Keywords: LEXICOGRAPHY, LSP LEXICOGRAPHY, METALEXICOGRAPHY, DICTIONARY HISTORY, DICTIONARY CRITICISM, DICTIONARY TYPOLOGY, DICTIONARY STRUCTURE, LSP DICTIONARY, AFRICAN LANGUAGES, LEXICOGRAPHIC FUNCTIONS

Opsomming: Die bevestiging van 'n rol vir gespesialiseerde woordeboeke in die

inheemse Afrikatale. Een van die hoofprobleme waarvoor sprekers en taalpraktisyns van inheemse Afrikatale te staan kom, is die tekort aan gepaste woordeboeke vir 'n verskeidenheid doeleindes. Hierdie gebrek lei daartoe dat gebruikers enige bekombare maar ongeskikte woordeboeke raadpleeg. Heel dikwels word gebruikers teleurgestel omdat 'n verkeerde woordeboek nie normaalweg die verlangde hulp verskaf nie. Verskillende funksies wat die woordeboek kan aanbied, word tevergeefs in ongeskikte woordeboeke en ander terminologiese produkte gesoek. Gevolglik bly die potensiaal van die leksikografie in die algemeen en die gespesialiseerde leksikografie in die besonder onverweselik vanweë 'n verskeidenheid redes. Hierdie artikel wat hoofsaaklik die gespesialiseerde leksikografie bespreek, verkry insigte uit Wiegand (1984) se algemene teorie van die leksikografie en die teorie van leksikografiese funksies (Bergenholtz and Tarp 1995, 2003; Tarp 2000, 2002, 2008) om die rol van gespesialiseerde woordeboeke in die inheemse Afrikatale te bevestig, en ook om insigte te verskaf in hoe sulke woordeboeke gemaak kan word.

Sleutelwoorde: LEKSIKOGRAFIE, TSD-LEKSIKOGRAFIE, METALEKSIKOGRAFIE, WOORDEBOEKGESKIEDENIS, WOORDEBOEKKRITIEK, WOORDEBOEKTIPOLOGIE, WOORDEBOEKSTRUKTUUR, TSD-WOORDEBOEK, AFRIKATALE, LEKSIKOGRAFIESE FUNKSIES

Die verifiëring, verfyning en toepassing van leksikografiese liniale vir Afrikaans

390-409

D.J. Prinsloo

Opsomming: Leksikografiese liniale vir Afrikaans en die Afrikatale is 'n dekade oud en word algemeen gebruik in die samestelling van woordeboeke. Die samestellers het dit tot dusver nie nodig geag om hierdie liniale te verifieer of te verfyning. Kritiek is egter uitgespreek op die samestelling van die Afrikaanse Liniaal en dit word in hierdie artikel opgevolg deur 'n poging tot verifiëring van die bestaande liniaal asook 'n herberekening of verfyning van die Afrikaanse Liniaal. Vir die verifiëring word 'n sogenaamde *stresfaktor* as die basiese benadering gebruik. Dertien liniale word bereken deur middel van 13 subkorpuse van Afrikaans wat doelbewus só saamgestel is dat dit die mees *ongunstige* toestande vir die bestaande liniaal skep ten einde te bepaal tot watter mate sodanige liniale afwyk van die Afrikaanse Liniaal. Verfyning van die Afrikaanse Liniaal word gedoen deur die gemiddelde van vyf liniale te neem wat gebaseer is op dié tipes tekskategorieë wat internasionaal in sogenaamde gebalanseerde en verteenwoordigende korpusontwerpe voorgehou word. Vir dié doel word korpuse saamgestel van koeranttekste, kreatiewe skryfwerk, religieuse tekste en sowel formele as informele taalgebruik. Die gemiddelde waardes van die Afrikaanse Liniaal en die verfynde liniaal word dan as 'n nuwe sogenaamde 2010 Liniaal vir Afrikaans voorgehou. Ten slotte word die onlangs voltooidede dele XII en XIII van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* kortliks met die Afrikaanse Liniaal gemeet.

Sleutelwoorde: LEKSIKOGRAFIE, WOORDEBOEKE, ALFABETIESE KATEGORIEË, LEKSIKOGRAFIESE LINIAAL, BALANS, KORPUS, KORPUSDATA, OORBewERKING, ONDERBewERKING, KORPUSONTWERP

Abstract: The Verification, Refinement and Application of Lexicographic Rulers for Afrikaans.

Lexicographic rulers for Afrikaans and the African languages are a decade in existence and are generally used for the compilation of dictionaries. To date the compilers of these rulers did not feel the need to verify or to refine these rulers. Criticism has however been expressed against the ruler for Afrikaans and this is followed up in this article by an effort to verify the existing ruler and a recalculation or refinement of the Afrikaans Ruler. For verification a so-called *stress factor* is used as the basic approach. Thirteen rulers are calculated by means of 13 sub-corpora of Afrikaans purposely compiled to create the most *unfavourable* circumstances for the existing ruler in order to ascertain to what extent these rulers deviate from the Afrikaans Ruler. Refinement of the Afrikaans Ruler is done by calculating the average of five rulers based on those categories that are internationally being used in so-called balanced and representative corpora. For this purpose, corpora are compiled from newspaper texts, creative writing, religious texts and formal as well as informal texts. The average values of the Afrikaans Ruler and the refined ruler are then presented as a new so-called 2010 Ruler for Afrikaans. Finally the recently completed volumes XII and XIII of the *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* will briefly be compared with the Afrikaans Ruler.

Keywords: LEXICOGRAPHY, DICTIONARIES, ALPHABETIC CATEGORIES, LEXICOGRAPHIC RULER, BALANCE, CORPUS, CORPUS DATA, OVER-TREATMENT, UNDER-TREATMENT, CORPUS DESIGN

Checking Knowledge in Online Encyclopaedias: Towards
a Behavioural Approach to Data Accessibility

410-424

Marcin Overgaard Ptaszynski

Abstract: This article outlines a new approach to data access in electronic encyclopaedias. Contrary to most of the existing research, which treats access as a lexicographer-dominated, structural concept, access is viewed here as a process which is essentially user-driven. The role of the lexicographer is to facilitate this process, so that it can become rapid and unimpeded, but their control of it should be reduced to a minimum. This can only be achieved if access to data is adjusted to the specific type of need for information. Accordingly, the article examines three forms of data access applicable in situations in which the user experiences the need for a finite, specific amount of information. The results of the examination confirm that access to data is indeed a process whose success depends on the interaction between the user, the data, and the type of need for information which the given reference work aims to satisfy.

Keywords: ENCYCLOPAEDIA, ELECTRONIC LEXICOGRAPHY, ACCESS, STRUCTURE, ACCESS ROUTE, SIMPLE INFORMATION NEED, COMPLEX INFORMATION NEED, KNOWLEDGE ACQUISITION

Opsomming: Die nagaan van kennis in aanlynensiklopedieë: Op weg na 'n gedragsbenadering tot datatoeganklikheid.

Hierdie artikel skets 'n nuwe benadering tot datatoegang in elektroniese ensiklopedieë. In teenstelling met die meeste bestaande navorsing wat toegang behandel as 'n leksikograaf beheerste, strukturele konsep, word toegang hier gesien as 'n proses wat hoofsaaklik gebruikersgedrewe is. Die rol van die leksikograaf is om hierdie proses te vergemaklik sodat dit vinnig en ongehinderd kan plaasvind, maar sy beheer daarvan behoort tot 'n minimum beperk te word. Dit kan slegs bereik word indien toegang tot data aangepas word by die spesifieke soort behoefte aan inligting. Gevolglik behandel die artikel drie maniere van datatoegang wat van toepassing is in situasies waarin die gebruiker die behoefte vir 'n definitiewe, spesifieke hoeveelheid inligting ondervind. Die resultate van die ondersoek bevestig dat toegang tot data inderdaad 'n proses is waarvan die sukses berus op die wisselwerking tussen die gebruiker, die data en die soort behoefte aan inligting wat die bepaalde naslaanwerk beoog om te bevredig.

Stelwoorde: ENSIKLOPEDIE, ELEKTRONIESE LEKSIKOGRAFIE, TOEGANG, STRUKTUUR, TOEGANGSROETE, EENVOUDIGE INLIGTINGSBEHOEFTE, KOMPLEKSE INLIGTINGSBEHOEFTE, KENNISVERKRYGING

Piet Swanepoel

Abstract: This article focuses on some of the problems raised by Atkins and Rundell's (2008) approach to the design of lexicographic definitions for members of lexical sets. The questions raised are how to define and identify lexical sets, how lexical conceptual models (LCMs) can support definitional consistency and coherence in defining members of lexical sets, and what the ideal content and structure of LCMs could be.

Although similarity of meaning is proposed as the defining feature of lexical sets, similarity of meaning is only one dimension of the broader concept of lexical coherence. The argument is presented that numerous conceptual lexical models (e.g. taxonomies, folk models, frames, etc.) in fact indicate, justify or explain how lexical items cohere (and thus form sets). In support of Fillmore's (2003) suggestion that definitions of the lexical items of cohering sets should be linked to such explanatory models, additional functionally-orientated arguments are presented for the incorporation of conceptual lexical models in electronic monolingual learners' dictionaries. Numerous resources exist to support the design of LCMs which can improve the functionality of definitions of members of lexical sets. A few examples are discussed of how such resources can be used to design functionally justified LCMs.

Keywords: DEFINITIONAL TEMPLATES, DEFINITIONAL CONSISTENCY, DEFINITIONAL COHERENCE, LEXICAL CONCEPTUAL MODELS

Opsomming: Verbetering van die funksionaliteit van woordeboekdefinisies vir leksikale versamelings: Die rol van definisiematryse, definisie-eenvormigheid, definisiesamehang en die inkorporering van leksikale konseptuele modelle. Hierdie artikel fokus op sommige van die probleme wat ter sprake kom deur Atkins en Rundell (2008) se benadering tot die ontwerp van leksikografiese definisies vir lede van leksikale versamelings. Die vrae wat gestel word, is hoe leksikale versamelings gedefinieer en geïdentifiseer moet word, hoe leksikale konseptuele modelle (LKM's) definisie-eenvormigheid en -samehang kan ondersteun by die definiëring van lede van leksikale versamelings en wat die ideale inhoud en struktuur van LKM's sou kon wees.

Alhoewel betekenissooreenkoms as dié definiërende kenmerk van leksikale versamelings voorgestel word, is betekenissooreenkoms net een dimensie van die breër konsep van leksikale samehang. Die argument word aangevoer dat verskeie konseptuele leksikale modelle (bv. taksonomieë, lekemodelle, rame, ens.) in werklikheid aandui, motiveer of verduidelik hoe leksikale items saamhang (en dus versamelings vorm). Ter ondersteuning van Fillmore (2003) se voorstel dat definisies van die leksikale items van samehangende versamelings met sulke verduidelikende modelle gekoppel moet word, word bykomende funksioneel-georiënteerde argumente aangebied vir die inkorporering van konseptueel leksikale modelle in elektroniese eentalige aanleerderswoordeboeke. Talle bronne bestaan vir die ondersteuning van die ontwerp van LKM's wat die funksionaliteit van definisies van lede van leksikale versamelings kan verbeter. Enkele voorbeelde word bespreek van hoe sulke bronne aangewend kan word vir die ontwerp van funksioneel gemotiveerde LKM's.

Sluitelwoorde: DEFINISIEMATRYSE, DEFINISIE-EENVORMIGHEID, DEFINISIESAMEHANG, LEKSIKALE KONSEPTUELE MODELLE

Sven Tarp

Abstract: Two main camps have been formed with regard to the philosophical and academic status of lexicography: one considering lexicography an independent scientific discipline, and the other opposing such a scientific status. This article discusses some of the arguments from the second camp and argues that lexicography should be considered an independent scientific discipline. The argumentation is based on the fact that the subject field of lexicography is different from the subject fields of any other discipline, including linguistics. In this sense, the concept of a lexicographical work is broader than the more reduced concept of a dictionary. Lexicographical works, including dictionaries, are considered cultural artefacts and utility tools produced in order to meet punctual information needs detected in society. In this way, they have during the millenniums covered almost all spheres of human activity and knowledge. The theory and science of lexicography should not focus on the differences regarding the specific content of all these works, but on aspects that unite them and are common to all of them. In this regard, some of the core characteristics of lexicography as an independent discipline are discussed together with its complex relation to other disciplines. Lexicographical theory is understood as a systematic set of statements about its subject field. Finally, the article argues that the fact that this theory may seem too abstract and difficult to some working lexicographers

does not in itself invalidate its independent scientific status, although a close relation between theory and practice is recommended.

Keywords: LEXICOGRAPHY, LEXICOGRAPHICAL THEORY, FUNCTION THEORY, ACADEMIC STATUS OF LEXICOGRAPHY, INDEPENDENT STATUS OF LEXICOGRAPHY, INTERDISCIPLINARY VOCATION OF LEXICOGRAPHY, DICTIONARIES, LEXICOGRAPHICAL WORKS, UTILITY TOOLS

Opsomming: Gedagtes oor die akademiese status van die leksikografie. Twee hoofkampe het ontwikkeling met betrekking tot die filosofiese en akademiese status van die leksikografie: een wat die leksikografie beskou as 'n onafhanklike wetenskaplike dissipline, en die ander wat so 'n wetenskaplike status teenstaan. Hierdie artikel bespreek sommige van die argumente van die tweede kamp en redeneer dat die leksikografie as 'n onafhanklike wetenskaplike dissipline beskou behoort te word. Die redenasie is gebaseer op die feit dat die onderwerpsveld van die leksikografie verskillend is van onderwerpsvelde van enige ander dissipline, insluitende die linguistiek. Hiervolgens is die konsep van 'n leksikografiese werk breër as die meer beperkte konsep van 'n woordeboek. Leksikografiese werke, insluitende woordeboeke, word beskou as kulturele artefakte en nutsgereedskap geskep om aan die onmiddellike inligtingsbehoefes te voldoen wat in die gemeenskap vasgestel is. Op hierdie manier het hulle gedurende die millenniums byna alle sfere van menslike bedrywigheid en kennis gedek. Die teorie en wetenskap van die leksikografie behoort nie te fokus op die verskille wat betref die spesifieke inhoud van al hierdie werke nie, maar op aspekte wat hulle verenig en algemeen aan hulle almal is. In hierdie verband word sommige van die kerneienskappe van die leksikografie as 'n onafhanklike dissipline bespreek saam met sy komplekse verwantskap aan ander dissiplines. Leksikografiese teorie word verstaan as 'n sistematiese reeks stellings oor sy onderwerpsveld. Ten slotte redeneer die artikel dat die feit dat hierdie teorie te abstrak en moeilik kan lyk vir sommige praktiserende leksikograwe, nie sy onafhanklike wetenskaplike status ongeldig maak nie, alhoewel 'n noue verwantskap tussen teorie en praktyk aanbeveel word.

Sleutelwoorde: LEKSIKOGRAFIE, LEKSIKOGRAFIESE TEORIE, FUNKSIETEOORIE, AKADEMIESE STATUS VAN DIE LEKSIKOGRAFIE, ONAFHANKLIKE STATUS VAN DIE LEKSIKOGRAFIE, INTERDISIPLINÊRE TAAK VAN DIE LEKSIKOGRAFIE, WOORDEBOEKE, LEKSIKOGRAFIESE WERKE, NUTSGEREEDSKAP

Skoolwoordeboeke vir huistaalleerders van Afrikaans

466-494

Sven Tarp en Rufus H. Gouws

Opsomming: Skoolwoordeboeke vorm 'n uitgebreide tipologiese kategorie binne die versameling woordeboeksoorte. Die uiteenlopende verskeidenheid teikengebruikers van skoolwoordeboeke vereis egter 'n duideliker tipologiese omskrywing en 'n fyner onderverdeling in subkategorieë. Hierdie artikel fokus eerstens op sommige van die verskillende interpretasies van die term *skoolwoordeboek* en die onduidelikheid wat met die gebruik van hierdie term saamhang. 'n Onpresiese gebruik van die term lei daartoe dat voornemende gebruikers van skoolwoordeboeke nie weet wat om in 'n betrokke woordeboek te verwag en wie die beplande teikengebruikers daarvan is nie. Die leksikografiese funksies van skoolwoordeboeke word bespreek met die klem op Afrikaanse skoolwoordeboeke vir huistaalleerders. 'n Oorsig en kontekstualisering van hierdie woordeboeke word gevolg deur 'n bespreking van verskeie woordeboeke vir laerskool- en hoërskoolleerders. Aandag word gegee aan aspekte van die funksies, struktuur en inhoud asook aan positiewe en negatiewe kenmerke van die onderskeie woordeboeke. Dit blyk dat die ontwikkeling in die teoretiese leksikografie 'n positiewe invloed op die samestelling van skoolwoordeboeke gehad het. Uiteindelik word 'n aantal aanbevelings gemaak vir die verbetering van toekomstige skoolwoordeboeke. Die belangrikheid van 'n ondubbelsinnige aanduiding van onder meer die teikengebruikers en die gebruikerssituasie word benadruk. Die opname, aanbieding en bewerking van data moet met inagneming van die gebruikersprofiel geskied.

Sleutelwoorde: ADDISIONELE TAAL, GEBRUIKERSITUASIE, GRONDSLAFASE, HOËRSKOOLEERDERS, HUISTAAL, KOGNITIEWE FUNKSIE, LAERSKOOLEERDERS, LEKSIKOGRAFIESE FUNKSIES, SKOOLWOORDEBOEK, TEIKENGEBRUIKER, TEKSPRODUKSIE, TEKSRESEPSIE, WOORDEBOEK-TIPOLOGIE

Abstract: School Dictionaries for Home Language Learners of Afrikaans. School dictionaries constitute an extended typological category within the collection of dictionary types. The divergent variety of target users of school dictionaries however demands a clearer typological description and a more precise division in subcategories. This article focuses firstly on some of the different interpretations of the term *school dictionary* and the obscurity related to the use of this term. An imprecise use of the term leads to a situation where potential users of school dictionaries do not know what to expect in a specific dictionary and who the envisaged target users of the dictionary are. The lexicographic functions of school dictionaries are discussed with the emphasis on Afrikaans school dictionaries for home language learners. An overview and

contextualisation of these dictionaries are followed by a discussion of different dictionaries for primary and secondary school learners. Attention is drawn to aspects of the functions, structure and contents as well as positive and negative features of the different dictionaries. It becomes evident that the development in theoretical lexicography has had a positive influence on the compilation of school dictionaries. In conclusion a number of suggestions are made for the improvement of future school dictionaries. The importance of an unambiguous indication of among others the target users and the user situation is stressed. The inclusion, presentation and treatment of data must be done in accordance with the user profile.

Keywords: ADDITIONAL LANGUAGE, COGNITIVE FUNCTION, DICTIONARY TYPOLOGY, FOUNDATION PHASE, SECONDARY SCHOOL LEARNERS, HOME LANGUAGE, LEXICOGRAPHIC FUNCTION, PRIMARY SCHOOL LEARNERS, SCHOOL DICTIONARY, TARGET USER, TEXT PRODUCTION, TEXT RECEPTION, USER SITUATION

Hybride textuelle Strukturen und hybride textuelle Einheiten.
Ein Beitrag zur Theorie der Wörterbuchform

495-539

Herbert Ernst Wiegand

Zusammenfassung: In diesem Beitrag wird die Bildung, Darstellung und Leistung von hybriden textuellen Strukturen, die akzessive Einträge aufweisen, am Beispiel von Wörterbuchartikeln behandelt sowie erklärt, welche Eigenschaften hybride textuelle Einheiten haben. Ein Wörterbuchartikel eines Printwörterbuchs weist immer dann neben einer hierarchischen reinen eine hierarchische hybride Textkonstituentenstruktur auf, wenn in ihm mindestens ein funktionaler Angabezusatz auftritt, z.B. ein oben oder unten erweiternder oder ein binnenerweiternder. Da funktionale Angabezusätze Textsegmente mit Angabefunktion aber ohne Textkonstituentenstatus sind, werden sie durch nichtfunktionale Segmentation ermittelt, so dass neben funktionalen auch nichtfunktionale Textsegmente gegeben sind, die dann bei der Strukturbildung in die Trägermengen eingehen, so dass die Trägermengen aller hybriden hierarchischen Strukturen elementenheterogen, während die Trägermengen aller hierarchischen reinen Strukturen elementenhomogen sind. In den Strukturgraphen für hierarchische hybride Artikelstrukturen sind dann die Knoten für diejenigen Textsegmente, die den Hybridstatus der Strukturen bewirken, entweder durch Pfeilkanten für die textarchitektonischen *oberhalb/unterhalb*-Relationen mit den Knoten für die Textkonstituenten verbunden, so dass die Strukturgraphen architektonisch angereichert sind, oder durch besonders markierte Kanten, die die Knoten für die nichtfunktionalen Textsegmente und die für die binnenerweiternden funktionalen Angabezusätze mit den Knoten für die Textkonstituenten verbinden. Zu jedem Typ von hierarchischer reiner Artikelstruktur gehören mehrere Typen von hybriden Artikelstrukturen; entsprechendes gilt für hierarchische reine Angabestrukturen. Nur eine Auswahl aus den Typologien der hybriden Artikel- und Angabestrukturen wird behandelt sowie eine kleine Auswahl von hybriden textuellen Einheiten, die kriteriale Eigenschaften von zwei Textsegmentklassen aufweisen (vgl. die Stichwörter).

